
DEPRETA 60:
Elke kapsule bevat 60 mg duloksetien as duloksetienhidrochloried. Bevat suiker: 156 mg sukrose
Raadpleeg afdeling 6.1 vir die volledige lys van hulpstowwe.

3. FARMASEUTIESE VORM

DEPRETA 30:
Ondeursigtige blou/ondeursigtige wit grootte 3 hardegelatienkapsule wat wit tot afwit korrels bevat met "DLX" in swart ink op die ondeursigtige blou doppie en "30" op die ondeursigtige wit romp gedruk.

DEPRETA 60:
Ondeursigtige blou/ondeursigtige groen grootte 1 hardegelatienkapsule wat wit tot afwit korrels bevat met "DLX" in swart ink op die ondeursigtige blou doppie en "60" op die ondeursigtige groen romp gedruk.

4. KLINIESE BESONDERHEDE

4.1. Terapeutiese indikasies

DEPRETA is aangedui vir die behandeling van depressie (soos gedefinieer deur DSM-IV-kriteria).
DEPRETA is aangedui vir die behandeling van perifere neuropatiese pyn in diabete (PNPD).

4.2. Dosis en metode van toediening

Dosering

Depressie: DEPRETA moet sonder inagneming van maaltye teen 'n dosis van 60 mg een keer per dag begin en volgehou word. Alhoewel dosisse tot 120 mg per dag gebruik is, was die doeltreffendheid van die dosis van 120 mg nie statisties anders as dié van die dosis van 60 mg een keer per dag nie, en die voorkoms van newe-effekte was hoër met die dosis van 120 mg.

Perifere neuropatiese pyn in diabete: DEPRETA moet sonder inagneming van maaltye teen 'n dosis van 60 mg een keer per dag toegedien word. Alhoewel dosisse tot 120 mg per dag gebruik is, was die doeltreffendheid van die dosis van 120 mg nie statisties anders as dié van die dosis van 60 mg een keer per dag nie, en die voorkoms van newe-effekte was hoër met die dosis van 120 mg.

Staking van behandeling:
Skielike staking van **DEPRETA** moet vermy word.
Wanneer die behandeling met **DEPRETA** gestaak word, moet die dosis oor 'n periode van ten minste twee weke geleidelik verminder word om die risiko vir onttrekkingsreaksies te verlaag (kyk afdelings 4.4 en 4.8). As ondraaglike simptome ná 'n verlaging in die dosis of na staking van behandeling voorkom, kan hervatting met die voorheen voorgeskrewe dosis oorweeg word. Daarna kan die dokter voortgaan om die dosis te verlaag, maar teen *'n* meer geleidelike tempo.

__Spesiale populasies:__
Swak nierfunksie: Die aanvangsdosis moet 30 mg een keer per dag wees vir pasiënte met ligte tot matige swak nierfunksie (kyk afdelings 4.4, 5.2 en 4.3).
Swak lewerfunksie: Die aanvangsdosis moet laer of minder dikwels wees vir pasiënte met ligte tot matige swak lewerfunksie (kyk afdelings 4.4, 5.2 en 4.3).
Bejaarde bevolking: Geen dosisaanpassing word vir bejaardes op grond van ouderdom aanbeveel nie.
Pediatriese populasie: Die veiligheid en effektiwiteit vir pasiënte jonger as 18 jaar is nie bepaal nie (kyk afdeling 4.3).

Metode van toediening
Slegs vir orale gebruik

4.3. Kontra-indikasies

DEPRETA is teenaangedui vir pasiënte:
- met bekende hipersensitiwiteit vir duloksetien of enige van die hulpstowwe in afdeling 6.1 gelys.
- wat swanger is en/of borsvoed
- met erge swak lewerfunksie
- met gevorderde nierversaking (kreatinienopruiming < 30 mL/min)
- wat terselfdertyd monoamienoksidaseremmers (MAO-remmers) gebruik (kyk ook afdeling 4.4)
- kinders jonger as 18 jaar, aangesien die veiligheid in kinders nog nie vasgestel is nie (kyk afdeling 4.4).

4.4. Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls tydens gebruik

Selfdood

Major depressiewe versteuring:
Depressie gaan gepaard met 'n hoë risiko vir selfdoodgedagtes, selfbesering en selfdood (pogings tot selfdood). Hierdie risiko duur voort totdat beduidende remissie voorkom. Aangesien 'n verbetering dalk nie binne die eerste paar weke van behandeling sal intree nie, moet pasiënte noukeurig gemonitor word totdat daar 'n verbetering is. Dit is algemene kliniese ervaring dat die risiko vir selfdood in die vroeë stadium van herstel hoër kan wees.

Pasiënte met 'n geskiedenis van selfdoodpogings of dié wat voor aanvang van behandeling 'n beduidende mate van idealisering van selfdood gehad het, het 'n groter risiko vir selfdoodgedagtes of selfdoodpogings en moet tydens behandeling noukeurig gemonitor word. 'n Meta-analise van die placebogekontroleerde kliniese proewe van antidepressante in volwasse pasiënte met psigiatriese versteurings het 'n hoër risiko vir selfdoodgedrag met antidepressante in pasiënte jonger as 25 jaar oud vertoon in vergelyking met placebo.

Gevalle van selfdoodgedagtes en selfdoodgedrag is tydens die behandeling of vroeg na die staking van die behandeling aangemeld (kyk afdelings 4.5 en 4.8).
Pasiënte, en veral diegene met 'n hoë risiko, moet tydens behandeling met medisyne noukeurig dopgehou word, en veral aan die begin van behandeling en nadat die dosis verander is.

Depressie van pasiënte met major depressiewe versteuring, sowel volwassenes as kinders, kan erger word. Hierdie risiko kan voortduur totdat beduidende remissie voorkom. 'n Oorsakende rol van antidepressante vir sulke gedrag is egter nie bepaal nie.

Pasiënte (en versorgers van pasiënte) moet gewys word op die noodsaak om uit te kyk vir enige kliniese agteruitgang, selfdoodgedrag of -gedagtes, ongewone veranderings in gedrag en om onmiddellik mediese hulp te kry as hierdie simptome voorkom.

Omdat major depressiewe versteurings en ander psigiatriese en nie-psigiatriese versteurings selfdoodneigings kan versterk, moet dieselfde voorsorgmaatreëls getref word wanneer pasiënte met major depressiewe versteuring behandel word as wanneer pasiënte met ander psigiatriese en nie-psigiatriese versteurings behandel word.

Die volgende simptome is aangemeld in pasiënte wat met antidepressante vir major depressiewe versteurings asook vir ander indikasies, psigiatries sowel as niepsigiatries, behandel is: angs, agitasie, paniekaanvalle, slaaploosheid, geïrriteerdheid, vyandigheid, aggressiwiteit, impulsiwiteit, akatisie, hipomanie en manie.
Hoewel die oorsakende verband met die ontstaan van selfdoodneigings nie bepaal is nie, moet oorweeg word om die terapeutiese regimen te verander, waaronder moontlike staking van **DEPRETA**, vir pasiënte wie se simptome erg is, skielik ontstaan of waar dit nie deel van die pasiënt se aanvanklike simptome was nie. As besluit word om behandeling te staak, moet **DEPRETA** geleidelik onttrek word (kyk hier onder en afdeling 4.2).

Selfdoodgedrag
Soos met ander medisyne met 'n soortgelyke farmakologiese werking (antidepressante), is geïsoleerde gevalle van selfdoodgedagtes en selfdoodgedrag tydens behandeling met **DEPRETA** of vroeg na die staking van die behandeling aangemeld. Kyk hier bo vir risikofaktore vir selfdood tydens depressie. Mediese praktisyns moet pasiënte aanmoedig om kommerwekkende gedagtes of gevoelens te eniger tyd aan te meld.

Gebruik deur kinders en adolessente jonger as 18 jaar
DEPRETA moet nie gebruik word vir die behandeling van kinders en adolessente onder die ouderdom van 18 jaar nie, aangesien veiligheid en doeltreffendheid nie bepaal is nie (kyk afdeling 4.3). Selfdoodverwante gedrag (selfdoodpogings en selfdoodgedagtes), selfbesering en vyandigheid (hoofsaaklik aggressie, opponerende gedrag en woede) is in kliniese proewe meer dikwels waargeneem in kinders en adolessente wat met antidepressante behandel is in vergelyking met diegene wat met placebo behandel is. As daar tog op grond van kliniese behoefte 'n besluit geneem word om te behandel, moet die pasiënt noukeurig gemonitor word vir die voorkoms van selfdoodsimptome (kyk afdeling 5.2). Daarbenewens is daar geen langtermyndata oor die veiligheid van kinders en tieners met betrekking tot groei, volwassewording en kognitiewe ontwikkeling en gedrag nie (kyk afdeling 4.8).

Manie en toevalle
DEPRETA moet versigtig gebruik deur pasiënte met 'n geskiedenis van manie of 'n diagnose van bipolêre versteuring, en/of toevalle.

Midriase
Midriase is tydens gebruik van duloksetien aangemeld en daarom moet **DEPRETA** versigtig voorgeskryf word aan pasiënte met hoë intra-okulêre druk of diegene met 'n risiko vir akute nouhoekgloukoom.

Bloeddruk en polsslag
DEPRETA het in sommige pasiënte met 'n styging in bloeddruk en klinies beduidende hipertensie gepaardgegaan.
Dit kan vanweë die noradrenergiese effek van duloksetien wees. Gevalle van 'n hipertensiewe krisis is met **DEPRETA** aangemeld, veral in pasiënte met bestaande hipertensie. Daarom word monitering van bloeddruk van pasiënte met bekende hipertensie en/of ander hartsiektes aanbeveel, veral gedurende die eerste maand van behandeling. **DEPRETA** moet versigtig gebruik word deur pasiënte wie se toestande deur 'n vinniger hartklop of deur 'n styging in bloeddruk benadeel kan word. Wees ook versigtig wanneer **DEPRETA** saam met medisyne gebruik word wat die metabolisme daarvan kan beïnvloed (kyk afdeling 4.5). Vir pasiënte wat 'n aanhoudende styging in bloeddruk ervaar terwyl hulle **DEPRETA** ontvang, moet verlaging van die dosis of geleidelike staking oorweeg word (kyk afdeling 4.8)).
Behandeling met **DEPRETA** moet nie begin word vir pasiënte met ongekontroleerde hipertensie nie.

Swak nierfunksie
Hoër plasmakonsentrasies van **DEPRETA** kom voor in pasiënte met erge swak nierfunksie (kreatinienopruiming < 30 mL/min) wat hemodialise kry. Lees afdeling 4.3 vir pasiënte met erge swak nierfunksie, en 4.2 vir inligting oor pasiënte met ligte of matige swak nierfunksie.

Swak lewerfunksie:
Hoër plasmakonsentrasies van duloksetien kom voor in pasiënte met swak lewerfunksie (kyk afdelings 4.2 en 4.3).

Serotoniensindroom
Die serotoniensindroom, 'n potensieel lewensbedreigende toestand, kan met behandeling met **DEPRETA** voorkom en veral met gelyktydige gebruik van ander serotonergiese medisyne (waaronder SSHR's, SNHR's, trisikliese antidepressante of triptane), of met medisyne wat die metabolisme van serotonien vertraag, soos MAO-remmers, of met antipsigotika of ander dopamienantagoniste wat die serotonerge neuro-oordragstelsels kan beïnvloed (kyk afdelings 4.3 en 4.5).

Simptome van die serotoniensindroom kan onder meer veranderings in verstandelike toestand (bv. agitasie, hallusinasies, koma), outonome onstabiliteit (bv. tagikardie, labiele bloeddruk, hipertermie), neuromuskulêre aberrasie (bv. hiperrefleksie, inkoördinasie) en/of gastro-intestinale simptome (bv. naarheid, braking, diarree) wees.

As behandeling met **DEPRETA** saam met serotonerge medisyne wat die serotonergiese of dopaminerge neurotransmitterstelsels kan beïnvloed klinies aangedui is, moet die pasiënt veral tydens aanvang van behandeling en met verhoging van die dosis noukeurig dopgehou word.

Die Sint Janskruid ("St. John's Wort")
Ongewenste reaksies kan meer voorkom tydens die gebruik van **DEPRETA** en kruiepreparate wat Sint Janskruid bevat *(Hypericum perforatum)*.

Bloeding
Daar was verslae van bloedingsafwykings, soos ekgimose, purpura en gastro-intestinale bloeding, met selektiewe serotonienheropnameremmers (SSHR's) en serotonien/noradrenalienheropnameremmers (SNHR's), waaronder **DEPRETA.** Wees versigtig met pasiënte wat antistolmiddels en/of medisyne gebruik wat die bloedplaatjiefunksie beïnvloed [bv. NSAIM's of asetielsalisielsuur (ASA)], en met pasiënte met bekende neiging tot bloeding.

Hiponatremie
Hiponatremie is tydens toediening van **DEPRETA** aangemeld, waaronder gevalle met natriumvlakke laer as 110 mmol/L in die serum. Hiponatremie kan voorkom vanweë die sindroom van ontoepaslike afskeiding van anti-diuretiese hormoon (SOADH). Die meerderheid gevalle van hiponatremie is in bejaardes gerapporteer, veral as dit gekoppel is aan 'n onlangse geskiedenis van of veranderings aan die veranderde vloeistofbalans. Wees versigtig met pasiënte met 'n hoër risiko vir hiponatremie, soos bejaardes, sirrotiese of gedehidreerde pasiënte, of pasiënte wat met diuretika behandel word.

Staking van behandeling
Onttrekkingsimptome is algemeen as behandeling gestaak word en veral as dit skielik gedoen word (kyk afdeling 4.8). In kliniese toetse is ongewensde voorvalle na skielike staking van die behandeling gesien in ongeveer 45 % van die pasiënte wat met **DEPRETA** behandel is en in 23 % van die pasiënte wat placebo gekry het. Die risiko vir onttrekkingsimptome wat met SSHR's en SNHR's gesien is, kan van verskeie faktore afhang, waaronder die duur en die dosis van behandeling en tempo van verlaging van die dosis. Die mees algemene reaksies word in afdeling 4.8 gelys. Oor die algemeen is hierdie simptome is lig tot matig, maar in party pasiënte kan dit ernstig wees. Hulle kom gewoonlik binne die eerste paar dae na staking van behandeling voor, maar daar was uiters min verslae van sulke simptome in pasiënte wat per ongeluk dosis oorgeslaan het. Oor die algemeen is hierdie simptome selfbeperkend en klaar gewoonlik binne 2 weke op, maar in sommige individue kan hulle langer voortduur (2 tot 3 maande of meer). Dit word dus aanbeveel dat **DEPRETA** geleidelik oor tydperk van nie minder nie as 2 weke, volgens die pasiënt se behoeftes afgeskaal moet word wanneer behandeling gestaak word (kyk afdeling 4.2).

Bejaardes
Data oor die gebruik van 120 mg **DEPRETA** vir bejaarde pasiënte met ernstige depressie is beperk. Wees daarom versigtig wanneer bejaardes met die maksimum dosis behandel word (kyk afdelings 4.2 en 5.2).

Akatisie/psigomotoriese rusteloosheid
Die gebruik van **DEPRETA** gaan gepaard met die ontwikkeling van akatisie, wat gekenmerk word deur subjektief onaangename of ontstellende rusteloosheid en behoefte om aanhoudend te beweeg en dikwels saam met onvermoë om te stil sit of te staan. Dit gebeur meer dikwels in die eerste paar weke van behandeling. 'n Verhoging in die dosis kan nadelig wees vir pasiënte wat hierdie simptome ondervind.

Medisyne wat duloksetien bevat
Duloksetien word onder verskillende name vir verskillende aanduidings gebruik. Die gelyktydige gebruik van meer as een van hierdie produkte moet vermy word.

Hepatitis/hoë vlakke lewerensieme
Gevalle van lewerbesering, waaronder erge verhogings in vlakke van lewerensieme (> 10 keer die boonste limiet van normaal), hepatitis en geelsug is met **DEPRETA** aangemeld (kyk afdeling 4.8). Sommige gevalle hou verband met oormatige alkoholgebruik. Die meeste daarvan het in die eerste maande van behandeling voorgekom. Die patroon van lewerskade was hoofsaaklik hepatosellulêr. **DEPRETA** moet versigtig met pasiënte wat behandel word met ander medisyne wat met lewerbesering gepaardgaan. **DEPRETA** moet versigtig gebruik word deur pasiënte met verswakte kardiovaskulêre funksie.

Seksuele disfunksie
DEPRETA kan simptome van seksuele disfunksie veroorsaak (kyk afdeling 4.8). Dit kan ondanks die staking van **DEPRETA** voortgaan.

Sukrose
DEPRETA bevat sukrose. Pasiënte met die seldsame oorerflike probleme van onverdraagbaarheid van fruktose, glukose-galaktose-wanbsorpsie of sukrose-isomaltasegebrek moet nie hierdie medisyne gebruik nie.

4.5 Interaksies met ander medisyne en ander vorms van interaksie

Monoamienoksidaseremmers (MAOR's): As gevolg van die risiko van serotoniensindroom, moet duloksetien nie saam met monoamienoksidaseremmers (MAO-remmers) gebruik word nie of nie binne ten minste 14 dae nadat die behandeling met 'n MAOR gestaak is nie. Op grond van die halfleeftyd van duloksetien, moet minstens 5 dae toegelaat word nadat **DEPRETA** gestaak is voordat met 'n MAO-remmer begin word (kyk afdeling 4.3).

CYP1A2-remmers: Aangesien CYP1A2 betrokke is by metabolisme van duloksetien, sal gebruik van duloksetien saam met kragtige remmers van CYP1A2 waarskynlik hoër konsentrasies duloksetien tot gevolg hê. Fluvoksamien (100 mg een keer per dag), 'n kragtige remmer van CYP1A2, het die skynbare plasma-opruiming van duloksetien met ongeveer 77 % verlaag en AOK_{0-t} 6-voudig verhoog. Wees versigtig wanneer **DEPRETA** saam met CYP1A2-remmers toegedien word en 'n laer dosis **DEPRETA** moet gebruik word.

Medisinale produkte vir die SSS: Die risiko om **DEPRETA** in kombinasie met ander SSS-aktiewe medisyne te gebruik, is nie stelselmatig geëvalueer nie, behalwe in die gevalle wat in hierdie afdeling beskryf word. Wees dus versigtig wanneer **DEPRETA** in kombinasie met ander sentraalwerkende medisyne of stowwe, waaronder alkohol en kalmeermiddels (bv. bensodiasepiene, morfinomimetika, antipsigotika, fenobarbitoon, kalmerende antihistamiene) gebruik word.

Serotonerge medisyne: Die serotoniensindroom is in enkele gevalle gerapporteer in pasiënte wat SSHR's/SNHR's saam met serotonergiese medisyne gebruik het. Wees versigtig as **DEPRETA** gebruik word saam met serotonerge middels soos SSHR's, SNHR's, trisikliese antidepressante soos klomipramien of amitriptilien, Sint Janskruid (Hypericum perforatum) of triptane, tramadol, petidien en triptofaan (kyk afdeling 4.4). Gebruik saam met MAOR's, waaronder moklobemied of linesolied, is teenaangedui (kyk hier bo en afdeling 4.3)

Effekte van duloksetien op ander medisinale produkte
Medisyne wat deur CYP1A2 gemetaboliseer word: Die farmakokinetika van teofillien, 'n CYP1A2-substraat, word nie beduidend deur toediening met **DEPRETA** (60 mg twee keer per dag) beïnvloed nie.

Medisyne wat deur CYP2D6 gemetaboliseer word: Duloksetien is 'n matige remmer van CYP2D6. Toe **DEPRETA** twee keer per dag teen 'n dosis van 60 mg saam met 'n enkele dosis desipramien, 'n CYP2D6-substraat, toegedien is het die AOK van desipramien drievoudig toegeneem. Gelyktydige toediening van duloksetien (40 mg twee keer per dag) verhoog die AOK van tolterodien (2 mg twee keer per dag) by gelykvlakke met 71 %, maar beïnvloed nie die farmakokinetika van sy aktiewe 5-hidroksimetaboliet nie en geen dosisaanpassing word aanbeveel nie. Wees versigtig as **DEPRETA** gegee word saam met medisyne wat hoofsaaklik deur CYP2D6 gemetaboliseer word (risperidoon, trisikliese antidepressante [TAD's], soos nortriptilien, amitriptilien, en imipramien), veral as hulle 'n klein terapeutiese indeks het (soos flekaïnied, propafenone, en metoprolol).

Orale voorbehoedmiddels en ander steroïedmedisyne: Resultate van *in vitro*-studies toon aan dat duloksetien nie die katalitiese aktiwiteit van CYP3A induseer nie. Geen spesifieke *in vivo*-studies van die interaksies met geneesmiddels is gedoen nie.

Antistolmiddels en medisyne teen bloedplaatjies: Wees vanweë 'n groter risiko vir bloeding as gevolg van 'n farmakodinamiese interaksie versigtig wanneer **DEPRETA** met orale antistolmiddels of bloedplaatjiewerende medisyne gekombineer word. Verder is toenames in INR-waardes aangemeld toe **DEPRETA** gegee is aan pasiënte wat met warfarien behandel is. Toediening van **DEPRETA** saam met warfarien by bestendige toestande, aan gesonde vrywilligers, as deel van 'n kliniese farmakologiese studie, het egter nie 'n klinies beduidende verandering in INR vanaf die basislyn of in die farmakokinetika van R- of S-warfarien tot gevolg gehad nie.

Remmers van CYP2D6: Aangesien CYP2D6 betrokke is by metabolisme van **DEPRETA,** sal gebruik van duloksetien saam met kragtige remmers van CYP1A2 waarskynlik hoër konsentrasies van **DEPRETA** tot gevolg hê. Paroksetien (20 mg een keer per dag) het die skynbare opruiming van **DEPRETA** uit plasma met ongeveer 37 % verlaag. Wees versigtig wanneer **DEPRETA** saam met remmers van CYP2D6 (bv. SSHR's) toegedien word.

Effekte van ander medisinale produkte op duloksetien
Teensuurmiddels en H2-antagoniste: Toediening van **DEPRETA** saam met aluminium- en magnesiumbevattende teensuurmiddels, of van **DEPRETA** saam met famotidien, het geen beduidende effek gehad op die tempo of omvang van absorpsie van **DEPRETA** na toediening van 'n orale dosis van 40 mg nie.
Induseerders van CYP1A2: Ontledings van farmakokinetiese data van populasies het getoon dat rokers byna 50 % laer plasmakonsentrasies van **DEPRETA** het vergeleke met nie-rokers.

4.6 Fertiliteit, swangerskap en borsvoeding

Swangerskap
Die veiligheid van **DEPRETA** tydens swangerskap is nie bepaal nie (kyk afdeling 4.3).
Studies met diere het toksisiteit op voortplanting getoon teen sistemiese blootstellingsvlakke (AOK) van **DEPRETA** laer as die maksimum kliniese blootstelling.
Die moontlike risiko vir mense is onbekend.
Epidemiologiese data dui daarop dat die gebruik van SSHR's tydens swangerskap, veral laat in swangerskap, die risiko vir volgehoue pulmonale hipertensie van die pasgebore (VPHP) verhoog. Alhoewel geen studies die verband tussen VPHP en behandeling met 'n SNHR-ondersoek het nie, kan hierdie moontlike risiko met **DEPRETA** nie uitgesluit word nie, as die verwante werkingsmeganisme (remming van die heropname van serotonien) in ag geneem word.
Soos met ander serotonerge medisyne, kan onttrekkingsimptome in die pasgeborene voorkom na gebruik van **DEPRETA** deur die moeder aan die einde van die swangerskap. Stakingsimptome wat met **DEPRETA** gesien word, kan hipotonie, bewing en krieweling, voedingsprobleme, asemhalingsnood en toevalle insluit. Die meeste gevalle het tydens geboorte of binne enkele dae na geboorte voorgekom.

Borsvoeding
DEPRETA word in borsmelk uitgeskei. Die gebruik van **DEPRETA** tydens borsvoeding is teenaangedui (kyk afdeling 4.3).

Fertiliteit
In dierestudies het **DEPRETA** geen invloed op manlike vrugbaarheid gehad nie, en die effekte in vroue was slegs duidelik by dosisse wat moederlike toksisiteit veroorsaak het.

4.7 Effek op vermoë om 'n voertuig te bestuur en masjiene te gebruik

Geen studies van die effek op die vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjiene te gebruik is gedoen nie. **DEPRETA** kan met kalmering en duiseligheid gepaardgaan. Pasiënte moet daarop gewys word dat as hulle sedasie of duiseligheid ervaar, hulle potensieel gevaarlike take soos motorbestuur of hantering van masjinerie moet vermy.

4.8 Ongewensde effekte

a. Opsomming van die veiligheidsprofiel
Die mees algemeenste aangemelde newe-reaksies in pasiënte wat met **DEPRETA** behandel is, was naarheid, hoofpyn, droë mond, slaperigheid en duiseligheid. Die meeste van die algemene reaksies was egter lig tot matig; hulle het gewoonlik vroeg in die terapie begin, en die meeste was geneig om te bedaar selfs al is die terapie voortgesit.
Vyandigheid, selfdoodgedagtes en selfbesering is aangemeld in kinders wat met SSHR's of SNHR's soos **DEPRETA** behandel is.

b. Getabuleerde opsomming van nadelige reaksies

Dikwels	**Minder dikwels**	**Frekwensie onbekend**
Infeksies en infestasies		
	Laringitis	
Versteurings van immuunstelsel		
	Anafilaktiese reaksie, Hipersensitiwiteitsversteuring, Angioedeem	
Versteurings van die endokrienstelsel		
	Hipotiroïdisme	
Versteurings in metabolisme en voeding		
Swakker eetlus	Hiperglisemie (veral deur diabetiese pasiënte aangemeld), Dehidrasie, Hiponatremie, SOADH	
Psigiatriese versteurings		
Slaaploosheid Agitasie Laer seksdrang, Angs, Abnormale orgasme, Abnormale drome	Selfdoodgedagtes, Slaapversteurings, Bruksisme, Disoriëntering, Apatie, Selfdoodgedrag, Manie, Hallusinasies, Aggressie en woede	
Versteurings van die senustelsel		
Hoofpyn, Lomerigheid, Duiseligheid, Letargie, Bewerasie, Parestesie	Mioklonus, Akatisie, Senuagtigheid, Versteuring in aandag, Smaakversteuring, Diskinesie, Rustelosebeensindroom, Swak gehalte slaap, Serotoniensindroom Konvulsies, Psigomotoriese onrustigheid, Ekstra-piramidale simptome	
Versteurings van die oë		
Dowwe visie	Midriase, Swak visie, Gloukoom	
Versteurings van die ore en labirint		
Tinnitus	Vertigo, Oorpyn	
Versteurings van die hart		
Palpitasies	Tagikardie, Supraventrikulêre disritmie, hoofsaaklik atriale fibrillasie	
Vaskulêre versteurings		
Hoë bloeddruk , Blosing Gloede	Sinkopee Hipertensie, Ortostatiese hipotensie, Perifere koudheid, Hipertensiewe krisis	
Respiratoriese, toragiese en mediastinale versteurings		
Gaap	Toe keel, Epistakse, Interstisiële longsiekte, Eosinofiele longontsteking	
Gastro-intestinale versteurings		
Naarheid, Droë mond, Hardlywigheid, Diarree, Buikpyn, Braking, Dispepsie, Winderigheid	Gastro-intestinale bloeding, Gastro-enteritis, Eruktasie, Gastritis, Disfagie Stomatitis, Hematochesie, Asemreuk, Mikroskopiese kolitis	
Hepatobiliêre versteurings		
	Hepatitis, Hoër vlakke lewerensieme (ALT, AST, alkaliese fosfatase) Lewerversaking , Geelsug	
Versteurings van die vel en subkutane weefsel		
Meer sweet, Veluitslag	Nagsweet, Urtikarie, Kontakdermatitis, Koue sweet, Fotosensitiwiteitsreaksies, Groter neiging om te kneus, Stevens-Johnsonsindroom	Kutane vaskulitis
Versteurings van muskuloskeletale stelsel en van die bindweefsel		
Muskuloskeletale pyn, Spierspasma	Stywe spiere, Spiertrekkings ,Trismus	
Versteurings van die niere en urien		
Disurie Pollakiurie	Urienretensie, Huiwerige urinering, Nokturie, Poliurie, Minder urienvloei, Urienreuk abnormaal	
Versteurings van die voortplantingstelsel en borste		
Ereksiedisfunksie, Ejakulasie-versteuring, Vertraagde ejakulasie	Ginekologiese bloeding, Menstruasie-afwykings, seksuele disfunksie, Testikelpyn, Menopousale simptome, Galaktorree, Hiperprolaktinemie	
Algemene versteurings en effekte by die plek van toediening		
Struikeling Moegheid	Pyn in die borskas, Voel abnormaal, Voel koud, Dors, Kouekoors, Ongesteldheid, Voel warm, Versteuring in gang, Hoë bloeddruk, Hepatiese laboratoriumbevindinge	
Laboratoriumtoetse		
Gewigsverlies	Toename in gewig, Hoër vlakke kreatienfosfokinase in die bloed, Hoër vlakke kalium in die bloed, Hoër vlakke cholesterol in die bloed	

c. Beskrywing van spesifieke nadelige reaksies
Staking van **DEPRETA** (veral as dit skielik is) lei gewoonlik tot onttrekkingsimptome. Duiseligheid, sensoriese versteurings (waaronder parestesie of elektriese skokagtige sensasies, veral in die kop), slaapstoornisse (waaronder slapeloosheid en intense drome), moegheid, slaperigheid, agitasie of angs, naarheid en/of braking, bewing, hoofpyn, mialgie, geïrriteerdheid, diarree, hiperhidrose en vertigo is die mees algemene reaksies.
Oor die algemeen is hierdie simptome, vir SSHR's en SNHR's, is lig tot matig en selfbeperkend, maar in party pasiënte kan hulle ernstig wees en/of lank duur. Dit word daarom aanbeveel dat as behandeling met **DEPRETA** nie meer nodig is nie 'n geleidelike staking deur afskaling van die dosis gedoen word (kyk afdelings 4.2 en 4.4).

In die 12-week-akute fase van drie kliniese toetse met duloksetien met pasiënte met diabetiese neuropatiese pyn, is klein maar statisties beduidende toenames in vastende bloedglukosevlakke waargeneem in pasiënte wat met duloksetien behandel is. HbA1c was stabiel in sowel pasiënte wat met duloksetien en placebo behandel is. In die verlengingsfase van hierdie studies, wat tot 52 weke geduur het, was daar 'n toename in HbA1c in beide die duloksetien- en roetineversorgingsgroepe, maar die gemiddelde toename was 0,3 % groter in die groep wat met duloksetien behandel is. Daar was ook 'n klein toename in vastende bloedglukose- en totale cholesterolvlakke in pasiënte wat met duloksetien behandel is, terwyl die laboratoriumtoetse 'n effense afname in die groep met roetineversorging getoon het.

Die hartklop-gekorrigeerde QT-interval van pasiënte wat met duloksetien behandel is, het nie verskil van dit wat in placebo-behandelde pasiënte gesien is nie. Geen klinies beduidende verskille is waargeneem vir QT-, PR-, QRS- of QTcB-metings tussen pasiënte wat met duloksetien of placebo behandel was nie.

Aanmeld van vermeende nadelige reaksies
Dit is belangrik om vermeende nadelige reaksies wat na magtiging van die medisyne voorkom, aan te meld. Dit maak voortgesette monitering van die balans tussen voordeel en risiko vir die medisyne moontlik. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om vermeende nadelige reaksies by SAHPRA aan te meld die vorm "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word:
https://primaryreporting.who-umc.org/Reporting/Reporter?OrganizationID=ZA

4.9 Oordosis
Gevalle van oordosisse, alleen of in kombinasie met ander medisyne, met dosisse van 5400 mg duloksetien is gerapporteer. 'n Paar sterftes het voorgekom, hoofsaaklik met gemengde oordosisse, maar ook met slegs duloksetien teen 'n dosis van ongeveer 1000 mg. Tekens en simptome van 'n oordosis duloksetien alleen of in kombinasie met ander medisyne is onder meer slaperigheid, koma, serotoniensindroom, aanvalle, braking en tagikardie.
Geen spesifieke teenmiddel vir duloksetien is bekend nie, maar as die serotoniensindroom ontstaan, kan spesifieke behandeling (soos met siproheptadien en/of temperatuurbeheer) oorweeg word. 'n Oop lugweg moet gehandhaaf word. Monitering van die hart en vitale tekens word saam met geskikte simptomatiese en ondersteunende maatreëls aanbeveel. Geaktiveerde houtskool kan nuttig wees om absorpsie te beperk. Duloksetien het 'n groot volume van verspreiding dit is onwaarskynlik dat gedwonge diurese, hemoperfusie en transfusie van enige waarde sal wees.

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe
Kategorie en klas: A.1.2 Psigoanaleptika (antidepressante)
Farmakoterapeutiese groep: Ander antidepressante. ATC-kode: N06AX21.

Werkingsmeganisme
Duloksetien is 'n gekombineerde serotonien- (5-hidroksitriptamien, 5-HT) en noradrenalien (NA) (norepinefrien) heropnameremmer. Dit rem die heropname van dopamien swak, met geen beduidende affiniteit vir histaminerge, dopaminerge, cholinerge en adrenerge reseptore nie. Duloksetien verhoog ekstrasellulêre vlakke van serotonien en noradrenalien (norepinefrien) in verskillende breingebiede van diere dosisafhanklik.

Neurochemiese en gedragstudies met laboratoriumdiere het 'n verbetering van beide serotonien- en noradrenalien (norepinefrien) neurotransmissie in die sentrale senustelsel (SSS) getoon.

Die vermeende werkingsmeganisme van duloksetien in die behandeling van depressie is vermoedelik vanweë die remming van neuronale opname van serotonien en norepinefrien en 'n gevolglike toename in serotonerge en noradrenerge neurotransmissie in die SSS.
Dit word geglo dat die pynverlagende werking van duloksetien die gevolg is van versterking van dalende remmende pynroetes binne die sentrale senustelsel.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe
Duloksetien word as 'n enkele enantiomeer toegedien. Duloksetien word grootskaals deur oksidatiewe ensieme (CYP1A2 en die polimorfe CYP2D6) gemetaboliseer, gevolg deur konjugasie. Die farmakokinetika van duloksetien toon groot wisseling tussen persone (gewoonlik 50-60 %), deels as gevolg van geslag, ouderdom, rookstatus en CYP2D6-metaboliseringstatus.

Absorpsie: Duloksetien word na orale toediening vinnig geabsorbeer met C_{maks} binne 2 uur na dosering. Die absolute orale biobeskikbaarheid van duloksetien wissel van 32 % tot 80 % (gemiddeld van 50 %). Voedsel vertraag die tyd om die piek konsentrasie te bereik van 6 tot 10 uur, en dit verminder die mate van absorpsie (ongeveer 11%). Hierdie veranderinge het geen kliniese betekenis nie. Gelykvlakke in die plasma word na dosering van 3 dae bereik.

Verspreiding: Ongeveer 96 % van die duloksetien is aan plasmaproteïene gebind. Duloksetien bind aan sowel albumien as aan alfa1-suurglikoproteïen. Proteïenbinding word nie deur swak nier- of lewerfunksie beïnvloed nie.

Biotransformasie: Duloksetien word tot 'n groot mate gemetaboliseer en die metaboliete word hoofsaaklik in die urien uitgeskei. Beide sitochroom P450-2D6 en 1A2 kataliseer die vorming van die twee belangrikste metaboliete, glukuroniedkonjugaat van 4-hidroksiduloksetien en sulfaatkonjugaat van 5-hidroksi-6-metoksiduloksetien. Op grond van *in vitro*-studies word die sirkulerende metaboliete van duloksetien as farmakologies onaktief beskou. Die farmakokinetika van duloksetien in pasiënte wat swak metaboliseerders met betrekking tot CYP2D6 is, is nie spesifiek ondersoek nie. Beperkte data dui daarop dat die plasmavlakke van duloksetien in hierdie pasiënte hoër is.

Uitskeiding: Die uitskeidingshalfleeftyd van duloksetien wissel tussen 8 en 17 uur (gemiddeld 12 uur). Na 'n intraveneuse dosis wissel die plasma-opruiming van duloksetien van 22 L/uur tot 46 L/uur (gemiddeld 36 L/uur). Na 'n orale dosis wissel die skynbare plasma-opruiming van duloksetien van 33 tot 261 L/uur (gemiddeld 101 L/uur).

Spesiale populasies
Geslag: Farmakokinetiese verskille is tussen mans en vroue geïdentifiseer (skynbare plasma-opruiming is ongeveer 50 % laer in vroue). Op grond van die oorvleueling in die opruiming, regverdig farmakokinetiese verskille tussen geslagte nie die aanbeveling om 'n laer dosis vir vroulike pasiënte te gebruik nie.

Ouderdom: Farmakokinetiese verskille is geïdentifiseer tussen jonger en bejaarde vroue (≥ 65 jaar) (AOK ongeveer 25 % hoër en die halfleeftyd is ongeveer 25% langer in bejaardes), hoewel die omvang van hierdie veranderinge nie voldoende is om aanpassings in die dosis te regverdig nie. As algemene aanbeveling moet bejaardes versigtig behandel word (kyk afdelings 4.2 en 4.4).

Swak nierfunksie: Die C_{maks} en AOK-waardes van duloksetien van pasiënte met eindstadium niersiekte (ESNS) wat dialise ontvang het, is twee keer hoër as in gesonde proefpersone. Farmakokinetiese data van duloksetien in pasiënte met ligte tot matige swak nierfunksie is beperk.

Swak lewerfunksie: Matige lewersiekte (Child-Pugh Klas B) beïnvloed die farmakokinetika van duloksetien. In vergelyking met gesonde proefpersone is die skynbare plasma-opruiming van duloksetien 79 % laer, die skynbare terminale halfleeftyd is 2,3 keer langer en die AOK is 3,7 keer hoër in pasiënte met matige lewersiekte. Die farmakokinetika van duloksetien is nog nie in pasiënte met matige tot erge swak lewerfunksie bestudeer nie.

Voedende moeders: Die verdeling van duloksetien is bestudeer in 6 lakterende vroue wat minstens 12 weke postpartum was. Duloksetien word in borsmelk opgespoor, en die konsentrasies by gelykvlakke in borsmelk is ongeveer 'n kwart van dié in plasma. Die hoeveelheid duloksetien in borsmelk is ongeveer 7 µg/dag met toediening van 40 mg tweemaal per dag. Laktasie het geen invloed op die farmakokinetika van duloksetien nie.

6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van hulpstowwe
Die ander bestanddele van **DEPRETA** is suikersfere, hipromellose, hidroksipropielsellulose, kruispovidoon, talk, triëtielsitraat en titaandioksied.
DEPRETA: Die kapsuledop bevat gelatien, natriumlourielsulfaat, FD & C Blue 2 (CI Nr.: 73015), titaandioksied (CI Nr.: 77891).
DEPRETA: Die swart ink bevat skellak, gedehidreerde alkohol, isopropielalkohol, butielalkohol, propileenglikol, sterk ammoniakoplossing, swart ysteroksied (CI Nr.: 77499) en kaliumhidroksied.

6.2 Onverenigbaarhede
Nie toepaslik nie

6.3 Rakleeftyd
36 maande.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring
Bêre by of onder 25 ºC.
Hou die stulpstroke in die karton totdat dit benodig word.
Hou die HDPE-houers dig geslote.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

6.5 Aard en inhoud van die houer
DEPRETA 30:
1) Stulppak:
Kapsules is verpak in 60 mikron-PVC-film/25 mikron-poliamied/60 mikron-aluminiumfolie/60 mikron-PVC-film as die vormende materiaal en 25 µm aluminiumfoelie met 7 g/vkm hitteseëllak as dekmateriaal.
__Pakgroote: 30s__ - elke karton bevat 3 stulpstroke met 10 kapsules elk.

2) HDPE-pak:
Wit ondeursigtige ronde HDPE-houer van 40 mL met nek van 33 mm met wit ondeursigtige, geribde prop van polipropileen van 33 mm, met induksie-seëlvoering wat een 1 g silika-sakkie bevat.
__Pakgroote: 30s__ - een HDPE-houer bevat 30 kapsules.

DEPRETA 60:
Stulppak:
Kapsules is verpak in 60 mikron-PVC-film/25 mikron-poliamied/60 mikron-aluminiumfolie/60 mikron-PVC-film as die vormende materiaal en 25 µm aluminiumfoelie met 7 g/vkm hitteseëllak as dekmateriaal.
__Pakgroote: 30s__ - elke karton bevat 3 stulpstroke met 10 kapsules elk.

2) HDPE-pak:
Wit ondeursigtige ronde HDPE-houer van 40 mL met nek van 33 mm met wit ondeursigtige, geribde prop van polipropileen van 33 mm, met induksie-seëlvoering wat een 1 g silika-sakkie bevat.

__Pakgroote: 30s__ - een HDPE-houer bevat 30 kapsules.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir die wegdoen van gebruikte medisyne of afvalstowwe wat uit sodanige medisyne verkry word, en ander hantering van die produk
Alle ongebruikte medisinale produk of oorblywende materiaal moet volgens plaaslike vereistes weggedoen word.

7 HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
AUROGEN SA (Edms) Bpk
Woodhillkantoorpark, Gebou 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal Uitbr. 12, 1448
Johannesburg
Suid-Afrika

8 REGISTRASIENOMMER(S)
DEPRETA 30: 47/1.2/0097
DEPRETA 60: 47/1.2/0098

9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING
13 April 2021

P1527346

DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTINGSBLAD

S5

DEPRETA 30 (kapsules)
DEPRETA 60 (kapsules)
Duloksetienhidrochloried.
Bevat suiker: 78 mg en 156 mg sukrose onderskeidelik.

Lees hierdie hele blad noukeurig deur voordat u begin om DEPRETA te drink.
- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- As u nog vrae het, moet u asseblief vir u dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer vra.
- **DEPRETA** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne vir ander mense gee nie. Dit kan hulle skaad, selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

Wat in hierdie blad is:
1. Wat **DEPRETA** is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u **DEPRETA** gebruik
3. Hoe om **DEPRETA** te gebruik
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om **DEPRETA** te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

1. Wat DEPRETA is en waarvoor dit gebruik word
DEPRETA bevat die aktiewe stof duloksetien. Duloksetien verhoog die vlakke van serotonien en noradrenalien in die senustelsel.
DEPRETA word gebruik om die volgende te behandel:
- depressie
- diabetiese neuropatiese pyn (dikwels beskryf as brand, steek, prik, skiet of seer of soos van 'n elektriese skok. Daar kan 'n verlies aan gevoel in die aangetaste area wees, of sensasies soos aanraking, hitte, koue of druk kan pyn veroorsaak).

2. Wat u moet weet voordat u DEPRETA gebruik
Moenie DEPRETA drink nie as u:
- allergies vir duloksetien of vir enige van die ander bestanddele van hierdie medisyne is
- swanger is of borsvoed
- 'n lewersiekte het
- 'n erge niersiekte het
- medisyne bekend as 'n monoamienoksidaseremmer (MAOR) drink of dit in die afgelope 14 dae gedrink het
- **DEPRETA** moet nie vir kinders jonger as 18 jaar gebruik word nie, aangesien veiligheid nie bepaal is nie.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls
Wees veral versigtig met DEPRETA as u:
- ander medisyne vir die behandeling van depressie gebruik
- Sint Janskruid (Hypericum perforatum), 'n kruiemiddel, gebruik
- 'n niersiekte het
- toevalle (stuiptrekkings) gehad het
- aan bipolêre versteuring ly
- oogprobleme het, soos sekere tipes gloukoom (hoër druk in die oë)
- 'n geskiedenis van bloedingsversteurings het (geneig is om kneusplekke te kry)
- 'n risiko vir lae natriumvlakke het (as u byvoorbeeld diuretika drink en veral as u bejaard is)
- hoë bloeddruk het
- tans met ander medisyne behandel word wat lewerskade kan veroorsaak of as u alkohol in groot hoeveelhede gebruik
- **DEPRETA** kan 'n gevoel van rusteloosheid veroorsaak of die onvermoë om stil te sit of stil te staan.
- As u depressief is, kan u soms daaraan dink om uself te beseer of dood te maak. Dit kan erger word as u met behandeling met antidepressante begin, aangesien hierdie medisyne tyd neem om te werk, gewoonlik ongeveer twee weke, maar soms langer.

Ander medisyne en DEPRETA:
Sê altyd vir u gesondheidspraktisyn as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende of tradisionele medisyne).
DEPRETA kan 'n effek op ander medisyne hê, of ander medisyne kan 'n effek op **DEPRETA** hê.
- Monoamienoksidaseremmers (MAOR's): u mag **DEPRETA** nie drink as u 'n ander antidepressant, 'n monoamienoksidaseremmer (MAO-remmer), gebruik of onlangs (binne die afgelope 14 dae) gebruik het nie. Voorbeelde van MAO-remmers is moklobemied ('n antidepressant) en linesolied ('n antibiotikum). Gebruik van 'n MAOR saam met verskeie voorskrifmiddels, waaronder **DEPRETA**, kan ernstige of selfs lewensgevaarlike newe-effekte veroorsaak. U moet ten minste 14 dae wag nadat u opgehou het om linesolied of 'n MAOR te drink voordat u **DEPRETA** kan drink. U moet ook ten minste 5 dae wag nadat u opgehou het om **DEPRETA** te drink voordat u 'n MAOR drink.
- Medisyne wat slaperigheid veroorsaak: dit is onder meer medisyne wat u dokter voorskryf, waaronder bensodiasepiene, sterk pynstillers, antipsigotika, fenobarbitoon, antihistamiene.
- Medisyne wat die serotonienvlak verhoog: triptane, tramadol, triptofaan, SSHR's (selektiewe serotonienheropnameremmers soos paroksetien en fluoksetien), SNHR's (serotonien-noradrenalienheropnameremmers), trisikliese antidepressante (soos klomipramien, amitriptilien), petidien, Sint Janskruid en MAOR's. Hierdie medisyne verhoog die risiko vir newe-effekte; as u enige ongewone simptome kry as u **DEPRETA** drink, moet u u dokter raadpleeg.
- Orale antistolmiddels of medisyne teen bloedplaatjies: medisyne wat die bloed dun maak of voorkom dat die bloed stol. Hierdie medisyne kan die risiko vir bloeding verhoog.

Die hoofbestanddeel van **DEPRETA**, duloksetien, word ook in ander medisyne vir ander toestande gebruik. U moet nie een van hierdie medisynes op dieselfde tyd as **DEPRETA** gebruik nie. Sê vir u dokter as u reeds ander medisyne gebruik wat duloksetien bevat.

DEPRETA saam met voedsel en drank
DEPRETA kan met of sonder voedsel gedrink word.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid
U moet nie **DEPRETA** drink as u swanger is nie (kyk "Moenie **DEPRETA** drink nie").
As u swanger is of u baba borsvoed, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidskundige asseblief om advies raadpleeg voordat u **DEPRETA** drink.
Sê vir u dokter as u borsvoed. Die gebruik van **DEPRETA** tydens borsvoeding is teenaangedui (kyk "Moenie **DEPRETA** drink nie").

Motorbestuur en gebruik van masjinerie
DEPRETA kan u lomerig of duiselig maak. Moenie 'n voertuig bestuur of enige gereedskap of masjiene gebruik nie totdat u weet hoe DEPRETA u beïnvloed.

DEPRETA bevat sukrose
DEPRETA bevat sukrose wat 'n tipe suiker is.
As u dokter vir u gesê het dat u 'n onverdraagbaarheid teenoor sekere suikers het, moet u u dokter skakel voordat u hierdie medisyne gebruik.

3. Hoe om DEPRETA te drink
Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

DEPRETA is vir mondelinge gebruik. U moet u kapsule heel met 'n glas water afsluk.

__Vir depressie en diabetiese neuropatiese pyn:__

Die gewone dosis **DEPRETA** is een kapsule (60 mg duloksetien) een keer per dag, maar u dokter sal die dosis voorskryf wat vir u reg is.

Drink **DEPRETA** altyd presies soos wat u dokter vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie. U dokter sal vir u sê hoe lank u behandeling met **DEPRETA** sal duur. Moenie met u behandeling ophou sonder om u dokter te raadpleeg nie. Praat met u dokter of apteker as u die indruk het dat **DEPRETA** te sterk of te swak is.

As u meer DEPRETA gedrink het as wat u moes
Raadpleeg jou dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

As u meer as die benodigde dosis drink, kan u simptome ervaar wat slaperigheid, koma, die serotoniensindroom ('n seldsame reaksie wat gevoelens van groot geluk, slaperigheid, lomperheid, rusteloosheid, dronk gevoel, koors, sweet of stywe spiere kan veroorsaak) toevalle, braking en vinnige hartklop kan insluit.
As u vergeet om DEPRETA te drink
As u vergeet om dosis te drink, drink dit sodra as wat u dit onthou, behalwe as dit bykans tyd vir u volgende dosis is. Moenie 'n dubbele dosis drink om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

4. Moontlike newe-effekte
DEPRETA kan newe-effekte veroorsaak.
Nie al die newe-effekte wat vir **DEPRETA** aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u **DEPRETA** drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om **DEPRETA** te drink en onmiddellik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:
- Moeilike asemhaling of duiseligheid met geswelde tong of lippe

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige allergiese reaksie op **DEPRETA** het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Sê dadelik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende opmerk:
- selfdoodgedagtes
- selfdoodgedrag, selfbesering, manie (ooraktiwiteit, jagende gedagtes en kleiner behoefte aan slaap), hallusinasies, aggressie en woede

Dit is ernstige newe-effekte. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag nodig het.
Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:
Die volgende newe-effekte kom dikwels voor:
- hoofpyn, voel vaak
- voel naar (naarheid), droë mond
- gebrek aan eetlus
- angs, laer seksdrang, probleme met of onvermoë om 'n orgasme te ervaar, ongewone drome
- duiseligheid, trae gevoel, bewing, gevoelloosheid, waaronder gevoelloosheid, prikkeling of tinteling in die vel
- dowwe visie
- tinnitus (hoor klank in die oor as daar geen eksterne geluid is nie)
- voel die hart in die borskas pomp
- hoë bloeddruk, blosing
- meer gaap
- hardlywigheid, diarree, maagpyn, braking, sooibrand of slegte spysvertering, winde breek
- meer sweet, (jeukende) uitslag
- spierpyn, spierspasmas
- pynlike urinering, aanhoudende urinering
- probleme om 'n ereksie te kry, veranderinge in ejakulasie
- struikeling (meesal in bejaarde persone), moegheid
- gewigsverlies

Die volgende newe-effekte kom minder dikwels voor:
- keelontsteking wat 'n hees stem veroorsaak
- kners en maal van tande, voel gedisoriënteerd, gebrek aan motivering
- skielike onwillekeurige rukke of trekkings van die spiere, gevoel van rusteloosheid of 'n onvermoë om stil te sit of stil te staan, voel senuweeagtig, probleme om te konsentreer, veranderinge in smaaksensasie,
- probleme om beweging te beheer, bv. gebrek aan koördinasie of onwillekeurige bewegings van die spiere, rustelosebenesindroom
- groot pupille (die donker middelpunt van die oog), probleme met sig
- voel duiselig of dat alles "draai" (vertigo), oorpyn
- vinnige en/of onreëlmatige hartklop
- floute, duiseligheid, lighoofdigheid of floute tydens opstaan, koue vingers en/of tone
- toe keel, neusbloedings
- braking van bloed, of swart teeragtige stoelgang (feses),
- gastro-enteritis, winde opbreek, sukkel om te sluk
- inflammasie van die lewer wat buikpyn en geel verkleuring van die vel of wit van die oë kan veroorsaak
- nagsweet, galbulte, koue sweet, sensitiwiteit vir sonlig, groter neiging tot kneusplekke
- spierstyfheid, spiertrekkings
- probleme of onvermoë om te urineer, probleme om te begin urineer, gedurende die nag moet urineer, meer urien as normaal, met 'n verminderde urienvloei
- abnormale vaginale bloeding, abnormale menstruasies, insluitend swaar, pynlike, onreëlmatige of langdurige menstruasies, buitengewone ligte of oorgeslane menstruasies, pyn in die testikels of skrotum
- pyn op die bors, koue, dors, siddering, warm voel
- abnormale gang
- toename in gewig

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

Aanmeld van newe-effekte
Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u enige newe-effekte kry. Dit sluit alle moontlike newe-effekte in wat nie in hierdie blad gelys word nie. U kan newe-effekte ook by SAHPRA aanmeld via die vorm vir die aanmeld van nadelige geneesmiddelreaksies, naamlik "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://primaryreporting.who-umc.org/Reporting/Reporter?OrganizationID=ZA. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van **DEPRETA** te gee.

5. Hoe om DEPRETA te bêre
Bêre by of onder 25 °C.
Hou die stulpstroke in die karton totdat dit benodig word.
Hou die HDPE-houers dig geslote.

HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.
Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

6. Inhoud van die pak en ander inligting
Wat DEPRETA bevat
Die ander bestanddele van **DEPRETA** is hipromellose, hidroksipropielsellulose, kruispovidoon, talk, triëtielsitraat en titaandioksied.
DEPRETA: Die kapsuledop bevat gelatien, natriumlourielsulfaat, FD & C Blue 2 (CI Nr.: 73015), titaandioksied (CI Nr.: 77891).
DEPRETA: Die swart ink bevat skellak, gedehidreerde alkohol, isopropielalkohol, butielalkohol, propileenglikol, sterk ammoniakoplossing, swart ysteroksied (CI Nr.: 77499) en kaliumhidroksied.

Hoe DEPRETA lyk en die inhoud van die pakkie
DEPRETA 30:
Ondeursigtige blou/ondeursigtige wit grootte 3 hardegelatienkapsule wat wit tot afwit korrels bevat met "DLX" in swart ink op die ondeursigtige blou doppie en "30" op die ondeursigtige wit romp gedruk.

DEPRETA 60:
Ondeursigtige blou/ondeursigtige groen grootte 1 hardegelatienkapsule wat wit tot afwit korrels bevat met "DLX" in swart ink op die ondeursigtige blou doppie en "60" op die ondeursigtige groen romp gedruk.

Stulppak:
Kapsules is verpak in 60 mikron-PVC-film/25 mikron-poliamied/60 mikron-aluminiumfolie/60 mikron-PVC-film as die vormende materiaal en 25 µm aluminiumfoelie met 7 g/vkm hitteseëllak as dekmateriaal.
__Pakgrootte: 30's__ - elke karton bevat 3 stulpstroke met 10 kapsules elk.
HDPE-pak:
Wit ondeursigtige ronde HDPE-houer van 40 mL met nek van 33 mm met wit ondeursigtige, geribde prop van polipropileen van 33 mm, met induksie-seëlvoering wat een 1 g silika-sakkie bevat.

__Pakgrootte: 30's__ - een HDPE-houer bevat 30 kapsules.

HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Aurogen SA (Edms) Bpk
Woodhillkantoorpark, Gebou 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53
Meyersdal Uitbr. 12.
1448, Johannesburg
Suid-Afrika

Registrasienommer
DEPRETA 30: 47/1.2/0097
DEPRETA 60: 47/1.2/0098

Hierdie inligtingsblad is laas hersien in:
13 April 2021